Raisins South Africa

2025

# NUUSBRIEF

Kwartaal 4 • Fees uitgawe


Bladsy 11 **POST-REËN WINGERDBESTUUR**
*Abraham Vermeulen en Stacey Flemming, VAMF*

Bladsy 23 **VSA TARIEWE**
*Wessel Lemmer Raisins SA*

Bladsy 7 **SEISOENVOORUITSIG 2026**
*Stefan Jordaan, VAMF*

Bladsy 29 **FNB: SLIM FINANSIERING VIR 'N BETER TOEKOMS**


IN DIE UITGAWE:




Simposium — Bladsy 33





Sultana Konferensie — Bladsy 16

# CONTENT DISCLAIMER AND WAIVER

All information obtained from authors and/or various role players within the sector was done and compelled by the various entities as cited under each article. This is the opinion of the various authors, as indicated. Raisins SA cannot be held liable for any misleading and/or faulty data.

It is however the responsibility of Raisins SA to evaluate the quality and/or accuracy of all content published to ensure that all role players obtain the most accurate and latest studies and/or news within the sector, while taking account the author's right to freedom of speech. As Raisins SA is not the author of all the content, Raisins SA will not accept any liability with regards to published articles/statistics/data analysis and/or any other related data/factual article published.

Raisins SA would also like to emphasize that all information received and/or sent will be utilized for the intended purpose and protected in terms of the POPIA Act.

# Voorwoord



*Geskryf Deur:*
*Wessel Lemmer*

## *Geagte lede,*

Die kalenderjaar—sowel as die grootste deel van die droogdruiwe-produksieseisoen—loop vinnig ten einde. Binnekort verwelkom ons oor die feestyd familie en vriende, en deel ons saam met hulle die verwagting van 'n belowende oes. Ons is dankbaar teenoor ons Skepper vir die gunstige vooruitsigte en leef in die vertroue dat dit sal realiseer. Tog deel ons ook in die teleurstellings van produsente wie se oeste reeds onder hael- en donsskimmelskade deurgeloop het. Nietemin voorsien produsente in die Oranjerivier- en Olifantsriviergebiede nog steeds goeie droogdruifopbrengste.

In November het Raisins SA die Internasionale Sultanakonferensie met trots gehuisves. Tydens die verrigtinge is ons voorsitter, David van der Merwe, aangewys as voorsitter vir die volgende termyn in aanloop tot die Internasionale Sultanakonferensie in Londen in 2026.

Drie strategiese aksies is deur die internasionale bedryf geïdentifiseer waarop Raisins SA, saam met ander rosyntjieproduserende lande, sal fokus:

1. Die loods van 'n generiese internasionale bemarkingsveldtog om wêreldverbruik van rosyne te stimuleer;
2. Die meer gereelde deel van markinligting, onder meer deur die ontwikkeling van 'n bedryf-dashboard; en
3. Gesamentlike optrede om gemeenskaplike uitdagings rakende MRL-vereistes, veral in Europa en die Verenigde Koninkryk, aan te spreek.

Raisins SA se personeel wens elke produsent krag en wysheid toe vir die bemarkingsjaar wat in Januarie 2026 afskop. Ons weet dat die besluite wat nou geneem moet word—veral rondom watter produkte in u droogfasiliteite geproduseer moet word—kritiek is om verliese te beperk en inkomste te optimaliseer.



Raisins SA is optimisties oor die komende bemarkingsjaar (Januarie–Desember 2026) en vertrou dat die bedryf dieselfde bestendige markomstandighede as in 2025 sal ervaar. Die onlangse direksievergadering het hierdie optimisme bevestig. Al is daar uitdagings wat aandag verg, is ons oortuig dat Raisins SA in 2026, in hegte samewerking met verpakkers, nog meer waarde vir produsente sal toevoeg.

'n Sleutelfokus vir 2026 is die duidelike differensiasie van Suid-Afrika se kwaliteit, gesonde, son-gedroogde produkte in internasionale verbruikersmarkte. Ons strewe daarna om te voorkom dat ons hoëwaarde-produk gekommoditiseer word, en sal voortgaan om saam met verpakkers en uitvoerders die oorsprong en unieke eienskappe van ons rosyne uit te lig.

Verder is dit noodsaaklik dat ons verstaan waar Suid-Afrika in die waardeketting - van plaasvlak tot die winkelrak oorsee - meer mededingend kan wees. Tydens my en Stefan (VAMF) se onlangse besoek aan Turkye en Duitsland is waardevolle insigte ingewin. Juis daarom is Raisins SA se fokus op produksienavorsing, in noue samewerking met die VAMF, van besondere belang om produsente te ondersteun om produksie te optimaliseer en inkomstes teen prysskommelinge te verskans.

*Ons wens u en u geliefdes 'n geseënde kerstyd toe, en mag 2026 u verwagtinge oortref.*

**Die Raisin SA Personeel**



# Inhoud

## NAVORSING & ONTWIKKELING


Bl 07 Seisoenvooruitsig 2026

Bl 09 Navorsing Ontwikkeling en Innovasie Hoogtepunte vir 2025

Bl 11 Post-reën Wingerdbestuur: Sleutelfokusareas


## MARKTOEGANG, INTELLIGENSIE & ONTWIKKELING


Bl 16 Suid-Afrika se posisie in die Internasionale Rosyne Bedryf

Bl 19 Raisins SA wys Suid-Afrikaanse trots by Anuga 2025 in Duitsland

Bl 22 Raisin n Smile

Bl 23 Opdatering oor die VSA se Tariefaankondiging


## TRANSFORMASIE


Bl 25 New Beginnings Take Root on Kanoneiland

Bl 26 Klein begin, groot geloof Die Mentoors se pad na rosyntjie sukses

Bl 27 Vooruitgang by African Dream Agri Products (Pty) Ltd


## INLIGTING & KOMMUNIKASIE


Bl 29 Slim Finansiering vir 'n Beter Toekoms

Bl 31 Die Landbousektor en arbeidswetgewing

Bl 33 Raisins SA/Nedbank Simposium 2025

Bl 36 Besoeke aan boereverenigings in 2026

Bl 37 Fruit Fly Africa: Beplande Dienste en Plaagbestuur vir die 2025/2026 seisoen


## INLIGTING & KOMMUNIKASIE


Bl 39 BD aansoek

Bl 40 Desember resep

Bl 42 Kalender


## BEDRYFSTRUKTURE


Bl 44 Gariep Watch

Bl 46 Raisins SA Databasis

Bl 47 Kontak ons



# Navorsing & Ontwikkeling

# Seisoenvooruitsig 2026



*Geskryf Deur:
Stefan Jordaan,
VAMF*

## *'n Veelbelowende Droogdruiwejaar, Met Belangrike Bestuursmaatreëls*

Die tafeldruiweseisoen het sterk weggespring, met die meeste blokke wat swaar korrels en laer suikervlakke toon. Dit is oor die algemeen 'n positiewe aanduiding van goeie produksiepotensiaal wat tipies ook na die ander wingerdtipes deurwerk. Alhoewel die vooruitsig gunstig lyk, is daar wel geïsoleerde gevalle van donsskimmelskade en hael in sekere produksiegebiede.

## Klimaatsvooruitsigte – Wat Om te Verwag (Volgens Johan van der Berg, Weerkundige)

*Die seisoen het reeds interessante wendinge getoon:*

1. **Die swak La Niña** het vroeër as verwag gedraai reeds teen einde November, en nie eers teen einde Desember nie.
2. **Reënpatrone verander:**
   - Reënvalverwagtinge neem af in die oostelike dele van die land.
   - Reënaktiwiteit kan weswaarts verskuif, veral in Januarie en Februarie – insluitend die Oranjerivierstreek.
   - Die Weskusgebied word warm en droog voorspel
3. **Korttermynreën.**
   Daar is 'n beduidende kans op reën op 11–12 Desember (10–20 mm), asook gedurende die tweede week van Januarie

Hoewel klimaatvoorspellings nooit presies is nie, bied hierdie inligting 'n raamwerk vir beplanning. Produsente word aangeraai om bestuursmaatreëls by voorbaat in plek te hê – dieselfde beginsel as versekering: eerder voorkom as genees.

## Grootste Weer-Uitdagings en Siektebestuur

1. **Donsskimmel**
    - Dit bly noodsaaklik om voorkomend te spuit vóór reënval.
    - Selfs die beste produkte bied slegs 7–10 dae beskerming.
    - Ná reën is lande dikwels te nat om tydig te spuit.
    - Produkkeuses word ook beperkter namate oestyd nader kom.

    *Let wel: Blaarval as gevolg van donsskimmel kan die wingerd se koolhidraatreserwes ernstig benadeel—'n effek wat die volgende seisoen se opbrengs merkbaar kan terugdruk.*

2. **Botrytis**

3. **Suurvrot**
    Beide hierdie siektes kan, saam met donsskimmel, oorwinter en meer as een seisoen lank produksie nadelig beïnvloed. Volgehoue, betydse bestuur is dus krities.

## In die Wingerd

Met die moontlike verandering in reënval vir Januarie en Februarie kan selfs 'n droë seisoen skielik uitdagend raak. Produsente word aangeraai om:

- Poeierpompe en toerusting betyds gereed te kry vir vinnige optrede.
- Produkte met **korter onthoudingsperiodes** vir oestyd gereed te hê.
- Biologiese beheeropsies te oorweeg – daar is baie doeltreffende biologiese produkte beskikbaar vir beide **Botrytis** en **Suurvrot.**

## Op die Droogbane

- Afname in kwaliteit,
- Hoër graderingsrisiko,
- En uiteindelik inkomsteverliese.

Maak vroegtydig voorsiening vir produkbeheer op die bane indien weerstoestande dit vereis.

## Samewerking en Kommunikasie is Sleutel

Goeie, gereelde kommunikasie met 'n betroubare **gewasoplossingsdeskundige** is noodsaaklik. Hulle kan die beste riglyne bied oor produkregistrasies, residu-impak en die mees doeltreffende spuitprogramme vir veranderende omstandighede.

## 'n Goeie Oes is Binne Bereik

Alle tekens dui op 'n **baie goeie droogdruiwe-oes,** maar dit bly in produsente se hande om die potensiaal deur behoorlike bestuur te realiseer. Met pro-aktiewe beplanning, gereelde monitering en vinnige optrede kan die seisoen se opbrengs en kwaliteit optimaal benut word.

*Sterkte aan al ons produsente vir die seisoen wat voorlê.*

# Navorsing Ontwikkeling en Innovasie Hoogtepunte vir 2025



*Geskryf Deur:*
*Abraham Vermeulen*
*RD&I Bestuurder: VAMF*

*Die navorsing ontwikkeling en innovasie afdeling by die Vine Academy en Model Plaas fokus ons navorsing op industrie vraagstukke, probleme en nuwe tegnologie.*

Die Akademie bestuur die navorsingsportefeulje van Raisins SA en  onder die diensooreenkoms is daar verskeie projekte wat bestuur en self uitgevoer word.

Van die projekte is onder andere die kultivar seleksie tesame met onderstok-proewe wat op die modelplaas van die Akademie gevestig is. Verskeie nuwe seleksies is aangeplant en afgeënt in die kultivar evalueringsblok. Die eerste drie seleksies het in 2025 hul eerste oes gelewer en voorlopige resultate lyk belowend. Een van die bedryf se onderstok-proewe is ook in die blok gevestig en 2026 sal die tweede oes wees waarvan data ingesamel sal word. Die beveiliging en beskerming van nuwe seleksies is opgeskerp deur die blok te omhein en toegang word streng beheer.



Water as een van die belangrikste en kosbaarste hulpbron en die bestuur daarvan word ook deur 'n navorsingsprojek hier by die Akademie nagevors. 'n Vloedbesproeide blok is opgedeel in twee en die een gedeelte is omgeskakel na 'n lae-druk drupbesproeiing stelsel, terwyl die res van die blok nog steeds vloed besproei word. Die projek is in samewerking met Mottech, Agrico en Netafim. Die watergebruik word elektronies opgeneem en gestoor op 'n rekenaarstelsel.

Grondvog word deurentyd gemoniteer met sensors asook met gereelde profiel gate om te verseker dat die wingerd nie aan water stres blootgestel word nie. 2026-oesseisoen sal die eerste volwaardige seisoen wees, waar data sal begin toon wat die effek van die oorskakeling was.

Die DOV(Droog aan die stok)-veld proef is ook afgesluit. Terugvoering van die uitslae sal die komende seisoen by velddae en/of werkswinkels aangebied word.

Verbetering van druiwe kwaliteit is 'n baie belangrike aspek by rosyntjie produksie, en aangesien baie wingerde nog op die T-kap stelsel verbou word, is daar ook besluit om 'n gedeelte van 'n blok om te skakel na 'n Bok-horing stelsel. Die omskakeling in aan die begin van die 2025/26 seisoen gedoen, so die eerste data behoort reeds met die 2026-oes versamel te kan word. Hiermee hoop ons om te wys dat beter kwaliteit druiwe met beter loofbestuur geproduseer kan word.



Die Vine Academy is gevestig vir die wingerdbedryf en gevolglik het ons ook 'n tafeldruiwe-demonstrasie blok aangeplant, waar studente opgelei kan word in tafeldruifverbouingspraktyke. In 2026 sal daar ook 'n wyndruiwe evaluasie blok aangeplant word.

Ons by die Akademie is ook oop vir ander navorsingsgeleenthede en vennote, en het reeds private medewerkers aan boord.

Met die kort opsomming van navoringsprojekte wat ons vanjaar uitgevoer het, sien ons uit na die volgende jaar, waar ons nuwe tegnologieë en nuwe vennootskappe in navorsing en ontwikkeling sal omhels.



# Post-reën Wingerdbestuur: Sleutelfokusareas

*Geskryf deur Abraham Vermeulen en Stacey Flemming, VAMF*

*Deur volgehoue somerreëns, verhoogde humiditeit en uitdagende veldtoestande verkeer produsente tans onder besondere druk om hul wingerde en oes te beskerm. Die kombinasie van barsende korrels, vrot, en hoë donsskimmeldruk beklemtoon die noodsaaklikheid van deeglike, goed beplande na-reën bestuur. Hieronder word drie kritieke risiko's uitgelig, saam met praktiese riglyne om verliese te beperk en oesgehalte te beskerm.*

## 1. MRL-residu: Handhaaf Aanvaarbare Residuvlakke ten Spyte van Druk

In die huidige omstandighede is dit verstaanbaar dat produsente se hoofprioriteit die onmiddellike beskerming van hul oes is. Tog bly dit noodsaaklik om bedag te wees op maksimum residu-limiete (MRL), veral waar pakhuise en uitvoerbestemmings streng riglyne handhaaf. 'n Goeie kwaliteit rosyntjie kan steeds afgekeur word indien nie-aanvaarbare residuvlakke na gekom word nie.

### Belangrike riglyne:

- Bevestig altyd by jou gewasadviseur en die betrokke verpakker watter middels veilig gebruik kan word en watter onthoudingstydperke geld.
- Raadpleeg produk-etikette noukeurig vir uitvoerriglyne en onthoudingstye — moenie hiervan afwyk nie.
- Vermy die volgende *"no-go"* produkte vir donsskimmelbeheer op hierdie stadium:
  - Chloor
  - Mancozeb

'n Geïntegreerde benadering tussen produsent, adviseur en verpakker bly die beste strategie om beide kwaliteit en uitvoervereistes te verseker.



## 2. Donsskimmel (Downy Mildew): Verstaan die Risiko en Beheer Dit Tydig

Donsskimmel is 'n sogenaamde "water-swam", wat uitsluitlik in die teenwoordigheid van vry water – dou, reën of besproeiing – kan ontkiem en infekteer. Die siekte is sporadies van aard en wissel jaar-tot-jaar in intensiteit, maar die huidige nat toestande skep uiters gunstige omstandighede vir vinnige verspreiding.

### Lewensiklus en Primêre Infeksie

Die swam oorwinter as winterspore in blaarrreste en kan vir baie jare in weefsel oorleef. Sodra omstandighede gunstig raak, stel dit soöspore vry wat maklik nuwe jong weefsel infekteer.

'n Primêre infeksie vereis minstens 24 uur van:

- ≥ 10 mm reën of besproeiing
- ≥ 10 °C omgewingstemperatuur
- Lootlengte van 10 cm of meer

Die afgelope weke se herhalende reënbuie en warm bedompige toestande voldoen aan al bogenoemde vereistes.

### Simptome en Verdere Verspreiding

- Eerste simptome toon as geel "oliekolle" op blare, 5–14 dae ná infeksie.
- Warm, nat nagte bevorder sporulasie op die onderkant van die kolle.
- Temperatuur >23 °C + humiditeit ≥80% versnel spoorvorming.
- Ná primêre sporulasie kan sekondêre infeksies reeds met 3–4 uur se natperiodes plaasvind.





## Beheerstrategie

Omdat dOnsskimmel binne-in plantweefsel ingroei, is chemiese ingryping ná sigbare simptome meestal te laat. Daarom is voorkoming krities.

Aanbevole praktyke:

- Handhaaf 'n volledige voorkomende spuitprogram.
- Dien, waar moontlik, 'n sistemiese middel vóór verwagte reën toe vir beskerming wanneer toegang tot blokke uitdagend raak.
- Gebruik kuratiewe middels slegs op aanbeveling van jou gewasoplossingsspesialis.

'n Proaktiewe benadering is noodsaaklik, aangesien donsskimmel byna onmoontlik is om effektief "dood te spuit" sodra die siekte sigbaar is.

## 3. Botrytis: 'n Kritieke Siekte met Potensiaal vir Groot Verliese

Botrytis (grysvrot) is 'n hoogs belangrike en potensieel vernietigende siekte, met die vermoë om skade te veroorsaak voor én ná oes. Die swam oorwinter in dooie plantmateriaal en bou so 'n infeksiebron op vir die volgende seisoen.

## Gunstige Omstandighede vir Botrytis

- Verlengde nattoestande in trosse.
- Stadige afdroogtempo na reën of besproeiing.
- Beskadigde korrels of wonde wat maklike toegangspunte bied.
- Warm, bedompige toestande in die lente en somer bevorder sporulasie.

Spore versprei maklik deur wind, reën en fisiese kontak, wat verdere infeksies veroorsaak.





## Beheer en Voorkoming

Indien Botrytis-vrot waargeneem word, moet chemiese beheer tydig aangewend word om verspreiding te beperk.

Raadpleeg jou gewasoplossingsspesialis vir advies oor:

- Die korrekte produk vir jou omstandighede.
- Die regte tydsberekening van toediening.
- Risiko-vensters waar beskerming die hoogste prioriteit het.

## Slotgedagtes

Die huidige nat seisoen plaas buitengewone druk op wingerdbestuur en siektebeheer. Dit is nou meer as ooit nodig om:

- Voorkomend op te tree
- Behoorlike residubestuur toe te pas
- Nou saam te werk met adviseurs en verpakkers
- Siektewaarskuwings gereeld te monitor

Deur tydige, goed beplande aksies te neem, kan produsente steeds die kwaliteit, veiligheid en marktoegang van hul produk beskerm ten spyte van uitdagende weerstoestande.

### Skematiese voorstelling van die tydsverloop van donsskimmel infeksie in 'n blaar

| | | 4-6 Dae | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 48 Uur | | | |
| | | 2.6-48 Uur | | | |
| | Spore | Spore Ontkiem | Spore Penetreer | Miselium groei binne die plant | Simptome sporulasie |
| BLAAR | | | | | |
| TYD | Enigetyd | 0.6-2 ure | 2-2.6 ure | 48 uur- weke | Enigetyd |
| TOESTANDE | Vog | Hoë relatiwe humiditeit 10-16°C | Hoë relatiewe humiditeit 16-25°C | Temperatuur sal die tempo van ontwikkeling bepaal. Dit kan weke wees voor enige simptome waargeneem kan word. | Tot 300 000 Sporangia. 3-8 Zoospore/Sporangia 800 000 tot 2 400 000 infeksies van een enkele blaarletsel. |
| SIMPTOME | Geen | Geen | | Moontlik Geel kolle | Ja |



# Marktoegang, -intelligensie & -ontwikkeling

# Suid-Afrika se posisie in die Internasionale Rosyne Bedryf



*Geskryf Deur:*
*Wessel Lemmer*

## *BELANGRIKE UITKOMSTE VAN DIE 65STE INTERNASIONALE ROSYNEKONFERENSIE*

Suid-Afrika het vanjaar die eer gehad om die 65ste Internasionale Sultanakonferensie te huisves – ’n geleentheid wat produksielande wereldwyd saamgebring het en ons die kans gegee het om die land se belangrike rol in die internasionale mark sterk oor te dra.
Tydens die konferensie is David van der Merwe aangewys as die ondervoorsitter, Mark King van Australie as Voorsitter en Ece Tirkaz as sekretaresse.

Afvaardigings van Argentinië, Australië, Indië, Türkiye en Suid-Afrika was in persoon teenwoordig, terwyl Griekeland, Chili en die VSA virtueel deelgeneem het. Iran kon nie bywoon nie maar het inligting deurgegee.

## Waar staan Suid-Afrika in die wêreldmark?

Volgens die internasionale vraag- en aanbodsyfers vir 2025/26 word die wêreldproduksie van droogdruiwe op 1 085 715 ton geskat – insluitend Sultanas, Rosyne, Goue Rosyne, Korinte en Groen Rosyne.

In hierdie landskap presteer Suid-Afrika steeds as ’n betroubare, hoogstaande kwaliteitsprodusent en bly dit ’n voorkeurbron vir internasionale kopers.

**Vergelyking met ander produserende lande**

- **Türkiye** – wêreld se grootste produsent; oorheers uitvoermarkte.
- **Iran** – bly ’n groot rolspeler ten spyte van ekonomiese uitdagings.
- **VSA** – herstel stadig; volume stabiel.
- **Indië** – groei vinnig, maar verbruik meeste plaaslik.
- **China** – wêreldleier in groen rosyntipes.
- **Argentinië en Chili** – kleiner maar konsekwente uitvoerders.
- **Australië** – klein volume, fokus op premiumkwaliteit.
- **Suid-Afrika** – sterk produksie en uitstekende uitvoerbeskikbaarheid, met een van die bes-georganiseerde bedryfswaardekettings internasionaal.



Hierdie posisionering versterk Suid-Afrika se vermoë om nuwe markgeleenthede te benut, veral waar wêreldvoorraad onder druk kom.

Wêreldtendense wat nuwe kanse vir plaaslike produsente skep. Internasionale data toon dat:

- Verbruik van Sultanas en Rosyne wêreldwyd met 6.8% gaan afneem.
- Uitvoerbare volume gaan met 3.8% daal.
- Uitvoerbare Goue Rosyne bly stabiel rondom 85 092 ton.
- Korinte se vlakke bly konstant teen sowat 25 708 ton.
- Groen rosyntipes word oorwegend deur China voorsien.

Die huidige daling in die wêreldvoorraad van rosyne lei tot 'n verhoogde vraag na rosyne uit lande soos Suid-Afrika wat betroubaar kan lewer – 'n geleentheid wat Suid-Afrika uitstekend benut.



## Suid-Afrika se sterkpunte wat deur konferensiedeelnemers erken word

Die konferensie en plaasbesoeke in die Kakamas-gebied het Suid-Afrika se unieke sterk punte duidelik uitgelig:

**1. Eersteklas tegniese praktyke**
Afgevaardigdes kon produksiepraktyke, verwerkingsfasiliteite en innovasies op plase eerstehands ervaar.

**2. Klem op gehalte en regulasies**
Suid-Afrika se proaktiewe houding oor MRL-bestuur en die internasionale nakoming daarvan was deur Kobus Hartman sterk beklemtoon.

**3. Markaanwins deur gesamentlike generiese bemarking**
Die voorlegging deur Nico Koch het gepleit dat produksielande op 'n gesamentlike wêreldveldtog moet fokus om die wereldwye vraag na rosyne te laat toeneem.

**4. Deursigtigheid en data-intelligensie**
Nico Hawkins het die waarde van 'n internasionale dataplatform beklemtoon – iets wat die bedryf se mededingendheid en marktoegang kan versterk.



## Internasionale samewerking op pad vorentoe

Produserende lande het saam ingestem om:

- ’n Gesamentlike internasionale generiese bemarkingsveldtog te ontwikkel.
- ’n Wêreldwye openbare dataplatform vir markintelligensie te ondersoek.
- ’n Gesamentlike beleidsdokument oor internasionale MRL-harmonisering op te stel.

Hierdie stappe sal groter voorspelbaarheid, beter handel en ’n sterker internasionale rosyne bedryf bevorder – iets waaruit Suid-Afrikaanse produsente direk sal baat.

## Wat lê voor?

Die volgende internasionale konferensie vind plaas op 15 Oktober 2026 in Londen, Verenigde Koninkryk. Suid-Afrika se insette en leierskap in 2025 het ’n stewige fondament gelê vir meer samewerking, groei en nuwe markmoontlikhede vir plaaslike produsente.

## Slotboodskap

Die 2025-konferensie het duidelik gewys: Suid-Afrika is nie net ’n deelnemer nie, maar ’n vormende krag in die wêreld se rosyntoekoms. Met ‘n toenemende wêreldvraag en ’n krimpende voorraad in sleutel produksielande, lê daar nou ’n gunstige markgeleentheid vir die Suid-Afrikaanse rosynebedryf, gedryf deur konsekwente kwaliteit, deursigtigheid en internasionale markvertroue.





Produksielande voorleggings

NUUSFLITS OKTOBER

# Raisins SA wys Suid-Afrikaanse trots by Anuga 2025 in Duitsland



*Geskryf Deur:*
*Chantelle Kotze,*
Raisins SA







Raisins SA het onlangs Suid-Afrika se droëvrugtebedryf met trots verteenwoordig by die wêreldbekende Anuga Food Fair in Colonge, Duitsland – een van die grootste en mees invloedryke voedselbeurse ter wêreld.

As gasheer van die Suid-Afrikaanse Paviljoen het Raisins SA saam met bedryfvennote PepsiCo, Prosperitas Foods, Taste of Africa en Hortgro Dried Fruit die geleentheid gebruik om die gehalte, innovasie en unieke geurprofiel van Suid-Afrikaanse produkte uit te stal.

Die paviljoen het groot belangstelling gelok van internasionale besoekers wat meer wou leer oor die verskeidenheid en veelsydigheid van Suid-Afrikaanse rosyne en ander droëvrugte.

## NUUSFLITS OKTOBER

Benewens die Suid-Afrikaanse Paviljoen het twee plaaslike rosyne-uitvoerders, Carpe Diem Raisins en RedSun Raisins, ook hul eie stalletjies in ander sale gehad. Hulle deelname het die omvang en mededingendheid van Suid-Afrika se rosynebedryf verder beklemtoon en 'n sterk indruk op internasionale kopers gelaat.

Deur die loop van die skou het Raisins SA en sy vennote waardevolle sakeverhoudings gebou, nuwe markgeleenthede ondersoek en Suid-Afrika se reputasie as 'n betroubare verskaffer van hoëgehalte droëvrugte versterk.

> *Ons deelname aan Anuga 2025 bied nie net blootstelling aan Suid-Afrikaanse rosyne nie, maar versterk ook handelsbande en verseker dat ons produsente wêreldwyd mededingend bly.*

Die suksesvolle deelname aan Anuga 2025 is nog 'n mylpaal in Raisins SA se voortdurende strewe om die plaaslike bedryf internasionaal te bevorder en nuwe markte vir Suid-Afrikaanse rosyne te ontsluit.






NUUSFLITS OKTOBER












anuga

# Raisin n Smile

*Wat is beter as Suid-Afrikaanse rosyne by Anuga? Twee van ons eie verpakkers wat letterlik skouers skuur in die wêreldmark!*

*Hier sien ons Prosperitas Foods en Carpe Diem Raisins wat mekaar by die skou raakloop – bewys dat daar genoeg plek (en glimlagte) is vir almal in die Suid-Afrikaanse rosynefamilie.*



# Opdatering oor die VSA se Tariefaankondiging



*Geskryf Deur:*
*Wessel Lemmer*

*Die jongste tariefaankondiging uit die Verenigde State het baie internasionale sektore geraak, maar ongelukkig is rosyne nie ingesluit in die VSA se uitsluitingslys nie.*

Die uitsluitingslys fokus op produkte wat nie in voldoende hoeveelhede in die VSA vervaardig word nie. Rosyne val nie in hierdie kategorie nie, aangesien die VSA slegs ongeveer 10% van hul plaaslike verbruik invoer. Hiermee word aangedui dat ingevoerde rosyne nie as ’n kritieke behoefte beskou word nie.

Hoewel Suid-Afrika ’n betekenisvolle verskaffer van rosyne aan die VSA is, is die jongste Executive Order ’n algemene beleidswysiging wat op alle lande van toepassing is. Dit is dus nie ’n SA-VSA-spesifieke besluit nie. In ’n uitsluitlik bilaterale onderhandelingsomgewing sou Suid-Afrikaanse rosyne waarskynlik ’n sterker posisie gehad het, maar op globale vlak is die VSA se totale invoervolume eenvoudig te klein om ’n uitsondering te regverdig.

## Die pad vorentoe

Agbiz het reeds ’n volledige ontleding aan die dtic voorsien oor produkte waar daar wedersydse afhanklikheid tussen die VSA en Suid-Afrika bestaan. Raisins SA se formele versoek vir tariefverligting op rosyne is ingedien en bevestig as ontvang.

Ons wag tans op vordering in die bilaterale onderhandelinge. Die uiteinde bly uitdagend om te voorspel, maar gebaseer op die tariefverligting wat ander lande reeds ontvang het, lyk ’n minimum tariefverligting van ongeveer 15% waarskynlik indien die proses positief verloop.

Sodra daar nuwe ontwikkelings is, sal ons dit onmiddellik met die bedryf deel.



# Transformasie



Industrial Development Corporation

# New Beginnings Take Root on Kanoneiland



*Geskryf Deur:*
*Stacey Flemming,*
VAMF

*In the fertile soils of Kanoneiland, a powerful story of growth and transformation is unfolding. Martin van Rooi, a passionate and determined farmer, has planted his first hectare of Merbein grapes — marking the beginning of a bold new chapter in his agricultural journey.*

This achievement represents far more than just new vines in the ground. It's a tangible symbol of opportunity, made possible through the Transformation Funds that Raisins SA secured from the Industrial Development Corporation (IDC).

The IDC's investment reflects a strong belief in the potential of emerging farmers and underscores their commitment to creating a more inclusive and thriving South African agricultural sector.

Through this partnership, Raisins SA continues to open doors for dedicated growers like Martin — providing not only financial support, but also mentorship and pathways toward sustainability.

With the backing of IDC's Funds, Martin is cultivating more than grapes — he's cultivating a future rooted in hope, hard work, and opportunity. To the Industrial Development Corporation (IDC): your support ensures that transformation in agriculture is not just an idea, but a reality — helping dreams take root, one vine at a time.

# Klein begin, groot geloof

## *Die Mentoors se pad na rosyntjiesukses*

*Geskryf deur Pieter Smith, Raisins SA*

*In die Wes-Kaap, in die rustige Olifantsrivierstreek naby Lutzville, boer Pieter Mentoor en sy vrou met groot toewyding op hul 2,6 hektaar besproeiingsgrond in die Ebenhaeser-area. Die egpaar het in 2021 hul eerste hektaar Selma Pete-wingerde vir rosyntjieproduksie geplant en die aanplantings in 2024 met nóg 0,6 hektaar uitgebrei.*

Wat hierdie storie besonders maak, is dat Pieter en sy vrou hul hele wingerd met hul eie hande gesnoei het – sonder hulp, en sonder voldoende fondse om arbeid aan te stel. Tog het hulle hulself met toewyding en harde werk uitstekend van die taak gekwyt.



Raisins SA ondersteun die Mentoor-egpaar vanjaar met insette vir die huidige seisoen as deel van hul opkomende produsenteprogram. Ten spyte van finansiële uitdagings in die vorige seisoen, het die Mentoors indrukwekkende resultate behaal: 3 966 kg Thompsonrosyne met 'n 83%-keurgraad – 'n merkwaardige prestasie vir 'n opkomende produsent.

Pieter Mentoor word deur Pierre van Heerden ('n kommersiële boer) en Divan Venter (Hexberg Kwekery) gemonitor, wat albei waardevolle leiding en praktiese ondersteuning bied. Hierdie samewerking dra daartoe by dat produsente soos die Mentoors nie net groei in produksie nie, maar ook in kennis, ervaring en selfvertroue.

**Hulle storie getuig van vasberadenheid, geloof en hoop – eienskappe wat die ruggraat vorm van Suid Afrika se rosyntjiebedryf.**





# Vooruitgang by African Dream Agri Products (Pty) Ltd

*Geskryf deur Pieter Smith, Raisins SA*

## *'n Inspirerende groei-verhaal van mnr Jacobs*

Johannes Jacobs van African Dream Agri Products (Pty) Ltd het in 2020 sy eerste 5 ha Selma Pete-rosynwingerde gevestig met die ondersteuning van die Wes-Kaapse Departement van Landbou. Hierdie blok het die afgelope seisoen 'n indrukwekkende 8 ton per hektaar gelewer.

In 2024 het mnr Jacobs verdere befondsing van die Nasionale Departement van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling ontvang om binne drie jaar nog 12.5 ha wingerde te vestig.

As deel van die kommoditeit-gebaseerde vennootskap het Raisins SA by die projek aangesluit. Saam met sy mentor, mnr Paul Louw, het Raisins SA mnr Jacobs ondersteun om die eerste 4.5 ha Selma Pete van die driejaar-uitbreidingsprogram te plant.

**Die beplande plantingskedule vir die volgende fase sluit die volgende in:**

- 2026: 4 ha Sugra 39
- 2027: 4 ha Flame/Selma Pete

**'n Boerdery met 'n Duidelike Visie**

Mnr Jacobs is 'n ywerige, doelgerigte en prestasiegedrewe boer. Sy gesprekke weerspieël nie net sy passie vir landbou nie, maar ook sy vaste oortuiging om te groei en te leer.

Sy duidelike strewe is om binne die volgende paar jaar 'n selfonderhoudende kommersiële boer te word — 'n strewe waarvoor hy reeds indrukwekkende vordering toon, ondanks verskeie uitdagings op sy pad.



# Inligting & Kommunikasie



# Slim Finansiering vir 'n Beter Toekoms

*Die 2025/26-seisoen is om die draai, en dit is bemoedigend om te sien hoe die wingerde vol druiwe hang.*

Op hierdie stadium wil ons produsente graag aanmoedig om proaktief op te tree teen donsskimmel en witroes. Soos u goed weet, kan die impak van hierdie siektes maklik oorspoel na die volgende seisoen en uiteindelik groot finansiële implikasies hê. Dit bly dus wys om tydig te spuit - kontantvloeie kan altyd aangepas word, maar 'n verlore oes kan nie so maklik herstel word nie.

*Ons is verder opgewonde om belangrike finansieringsoplossings uit te lig wat spesifiek ontwerp word om produsente se volhoubaarheid, groei en langtermyn-beplanning te ondersteun:*

## 1. Hervestigingslenings

FNB was elf jaar gelede die baanbreker van hierdie produk, wat destyds produsente in staat gestel het om aan te plant of te hervestig, met twee jaar slegs rentebetalings, gevolg deur agt jaar se kapitale afbetalings.

'n Aangepaste produk wat voorsiening maak vir vier jaar slegs rente-betalings, gevolg deur agt jaar kapitale delging, is onlangs in die wynbedryf in die Wes-Kaap geloods vir die hervestiging van wyndruiwe wat aan produsente kelders gelewer word. FNB is tans in die proses om dit verder te verfyn om dit ook toepaslik te maak vir ander langtermyn gewasse soos rosyne en ander vrugtesoorte. Die verlengde aanloop tot kapitale delging sal help om produsente se kontantvloei te stabiliseer wat langtermyn gewasse produseer en sal ruimte skep om 'n volhoubare hervestigingsiklus te handhaaf - iets wat krities is om die produksiekant voortdurend te vernuwe en te versterk.

*Hou gerus hierdie spasie dop vir nuus daaroor in die rosyne bedryf.*

## 2. Die nuwe Agri Volhoubaarheidslening

Hierdie lening is werklik 'n game changer. Dit fokus op enige belegging wat die volhoubaarheid en veerkragtigheid van u boerdery versterk – of dit nou rypwaaiers, nette, droogbane, verbeterde tegnologie in die pakskuur, effektiewer besproeiing, organiese verbouing of sonkragoplossings is.

Die beste deel: die lening word aangebied teen u bestaande rentekoers **minus 35 basispunte.**

Al wat ons benodig, is die relevante kwotasie of faktuur – die proses is doelbewus eenvoudig en toeganklik gemaak.

Ons sien met groot afwagting uit daarna om saam met ons bestaande én nuwe kliente te werk om oplossings te bou wat by elke produsent se unieke boerdery en finansiële behoeftes pas. FNB se doel bly om praktiese ondersteuning te bied wat nie net vir vandag waarde skep nie, maar ook vir die seisoene wat kom.

Kontak gerus u bankier vir verdere besonderhede of om te bepaal hoe hierdie produkte waarde kan ontsluit binne u besigheid.

Ons wens u en u geliefdes 'n geseënde feestyd toe, en sterkte met die oes wat nou op hande is. Mag dit 'n seisoen wees wat verligting bring, en vooruitgang bevorder.

**FNB-groete**

Business

Hulp verander alles

**Kontak ons:**

**René Fourie**
*Area Bestuurder*
072 110 9893
*Rfourie3@fnb.co.za*

**Madene Conradie** –
*Landboubestuurder*
079 862 9752
*madene.conradie@fnb.co.za*



# Die Landbousektor en arbeidswetgewing

*Soos 2025 op sy einde loop, is dit van kritieke belang dat boerderye in die landboubedryf verseker dat hulle volledig aan alle arbeidswetgewing voldoen — én dat hulle nie meer betaal as nodig is ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes (COIDA) nie.*

COIDA is daar om werkers te beskerm wanneer hulle beserings of siektes weens hul werk opdoen. Ongelukkig is baie boerderye steeds nie korrek geregistreer nie en benut hulle dus nie die beskikbare voordele waarop hulle geregtig is nie.

## Is jou boerdery korrek geregistreer?

Boerderye word ingevolge COIDA in vier hoofkategorieë verdeel, elk met 'n spesifieke tarief gebaseer op werksrisiko:

1. **Grondbewerking en Bosbou**

   Voorbeelde: rosyntjie-, druiwe-, sitrus- en groenteprodusente. Hierdie eenhede plant gewasse en gebruik gewoonlik minstens een trekker.
   *Tarief: R2.65 per R100 uitbetaalde lone.*

2. **Veeboerdery**

   Voorbeelde: skape, beeste, wild, bokke, ens.
   *Tarief: R2.65 per R100 uitbetaalde lone.*

3. **Gemengde Boerdery**

   'n Kombinasie van grondbewerking, bosbou en veeboerdery.
   *Tarief: R1.65 per R100 uitbetaalde lone.*

4. **Suikerriet en Tee**

   Soos by enige versekeringsproduk is dit noodsaaklik dat produsente seker maak dat hulle korrekte kategorie geregistreer is, aangesien boerdery-omstandighede mettertyd kan verander.

Elke COIDA-kategorie het sy eie risikoprofiel, wat direk die premietarief beïnvloed. Produsente wat oor 'n pakhuis beskik, behoort te oorweeg om dit apart te registreer. 'n Pakhuiswerker word teen slegs R0.51 per R100 in lone gehef, teenoor R2.65 vir 'n plaaswerker. 'n Afsonderlike registrasie kan dus 'n wesenlike besparing vir 'n boerdery beteken.

## Werksbeserings: Waarom kennis krag is

In 2024/2025 is meer as 100 000 werksbeserings landwyd by die Vergoedingsfonds geregistreer. Dit is daarom noodsaaklik dat persone wat beserings administreer, die korrekte prosedures ken — veral met betrekking tot:

- die indien van beserings binne 7 dae,
- die terugvordering van lone wat aan beseerde werkers betaal is, en
- die eis van kilometers en mediese uitgawes.
- Produsente verloor jaarliks honderde duisende rand bloot omdat hulle nie hierdie voordele eis nie.

## COIDA-Wysigingswet

Die COIDA-wysigingswet is in 2023 onderteken en bevat 65 nuwe wysigings, waarvan 25 regulasies reeds geïmplementeer is. Een van die belangrikste toekomstige veranderinge is die instelling van administratiewe boetes, wat 'n groot finansiële impak op besighede kan hê.

## Dienslewering: 'n Uitdagende Prentjie

Die Vergoedingsfonds se jaarlikse prestasieteikens oor die afgelope vier jaar:

- 2021/2022: 47%
- 2022/2023: 52%
- 2023/2024: 57%
- 2024/2025: 57%

Hierdie swak uitkomste het 'n groot invloed op dienslewering. Baie boere sukkel vir jare om uitstaande sake opgelos te kry. Intussen ondersoek die Vergoedingsfonds moontlik 'n skuif weg van die Departement van Indiensneming en Arbeid.

## Hoe produsente die meeste voordeel uit COIDA put

Produsente kan hul risiko en premies effektief bestuur deur die volgende stappe te prioritiseer:

- Verseker dat die boerdery korrek geregistreer is.
- Registreer 'n pakhuis afsonderlik (waar van toepassing) om laer tariewe te benut.
- Dien die jaarlikse loonopgawe betyds in om boetes te voorkom en betaal die rekening binne 30 dae.
- Raporteer werksbeserings binne 7 dae en eis alle lone en mediese uitgawes terug.
- Doen aansoek vir 'n rebat (korting) vir 'n goeie eise-rekord.

*Vir enige navrae kontak:* **Stephan Pietersen | 064 360 2638** *support@workaccident.co.za*

NUUSFLITS OKTOBER

# *Slim strategieë en ’n blink toekoms vir Suid-Afrika se rosyntjiebedryf:* **Raisins SA/Nedbank Simposium 2025**





*Geskryf Deur:*
*Chantelle Kotze,*
Raisins SA

*Met die tema “Raisin the Bar: Smart Strategies and a Grape Future for South Africa” het die Raisins SA/Nedbank Simposium 2025 op 31 Oktober by die Vine Academy and Model Farm in Kakamas plaasgevind – ’n dag wat die hart van die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf laat klop het.*

Die simposium, wat jaarliks as ’n kennis- en netwerkplatform dien, het produsente, verwerkers, navorsers en belangrike rolspelers uit die breër landboubedryf bymekaar gebring om te fokus op volhoubare groei, tegnologiese innovasie en strategiese aanpassing binne ’n veranderende klimaats- en markomgewing.

## Insigte vir die toekoms

Een van die hoogtepunte van die dag was die aanbieding deur Johan van den Berg, landbouweerkundige, wat waardevolle insigte gedeel het oor klimaatsverandering se invloed op riviervloei en die weervooruitsigte vir 2026. Volgens hom dui die ontwikkeling van ’n nuwe La Niña-verskynsel op ’n moontlike vroeë aanvang van die reënseisoen – maar ook ’n kans op droër toestande gedurende midsomer. Sy boodskap was duidelik: produsente moet hul waterbestuur en beplanning fyn instel vir veranderende patrone.




Verder is nuwe tegnologieë en produksiepraktyke uitgelig wat bydra tot groter doeltreffendheid en kwaliteit in die sektor. Besprekings het ook gefokus op markontwikkeling, transformasie en volhoubaarheid – kernaspekte van die bedryf se strategiese rigting.

## Samewerking vir groei

Volgens Wessel Lemmer, uitvoerende hoof van Raisins SA, is die simposium nie net 'n geleentheid om kennis te deel nie, maar ook om die samewerking tussen produsente, besigheid en finansiële vennote te versterk. "Ons bedryf groei deur vennootskappe – tussen produsente wat met passie boer, instellings wat in ontwikkeling belê, en finansiële vennote soos Nedbank wat die toekoms saam met ons bou," het hy gesê.

Nedbank, as mede-borg van die simposium, het sy voortdurende betrokkenheid by landbou-ontwikkeling en die rosyntjiewaardeketting bevestig. Die bank beklemtoon dat beleggings in kennis, mense en tegnologie noodsaaklik is vir die mededingendheid van Suid-Afrikaanse landbou.

## 'n Bedryf met trots en potensiaal

Die dag is afgesluit met netwerkgeleenthede en oop gesprekke tussen produsente, tegniese adviseurs en verteenwoordigers uit die finansiële en uitvoersektore. Die entoesiasme was tasbaar – 'n bewys dat die Suid-Afrikaanse rosyntjiebedryf nie net groei nie, maar ook "die lat verhoog" vir toekomstige generasies. Die Raisins SA/Nedbank Simposium 2025 het weereens bewys dat strategiese samewerking, kennisdeling en innovasie die sleutel is tot 'n volhoubare en voorspoedige rosynetoekoms vir Suid-Afrika.



## NUUSFLITS OKTOBER












Video

Het jy die Simposium misgeloop?
Kyk gerus die volledige video hier:

RAISINS SA YOUTUBE-KANAAL

# Besoeke aan boereverenigings in 2026





*Geskryf Deur: Wessel Lemmer*

*Ek wil graag my opregte dank uitspreek aan die volgende boereverenigings wat my gedurende 2025 uitgenooi het om hul vergaderings by te woon.*

Die gesprekke en terugvoer wat ek ontvang het, was uiters insiggewend en dra daartoe by dat Raisins SA voortdurend in voeling bly met die behoeftes van ons primêre produsente:

- Kalksloot
- Marchand
- Gariep
- Keimoes
- Kakamas
- Augrabies

Baie dankie ook aan die Kakamas Boervereniging wat 'n mosie van vertroue in Raisins SA stel. As personeel en direksie het ons groot waardering hiervoor.

Elke boerevereniging het 'n DWPO-verteenwoordiger wat die vereniging se belange behartig. Die DWPO vervul 'n kritieke rol as advieskomitee. Navorsingsprojekte wat deur die Raisins SA Tegniese Komitee geïdentifiseer word, word aan die DWPO voorgehou vir terugvoer en verdere rigtinggewing. Die DWPO-lede verskaf ook waardevolle insette oor brandpunte, behoeftes en potensiële ondersoekareas wat deur boereverenigings uitgewys word. Hierdie insette word vervolgens gestruktureer en na bedryfsvlak deurgegee vir oorweging en besluitneming.

Johannes Kotzé is as die nuwe DWPO Oranjerivier-voorsitter aangewys is in die plek van David van der Merwe. Met waardering bedank ons David vir sy toegewyde diens en leiding as voorsitter. Raisins SA sien daarna uit om in 2026 saam met die DWPO Oranjerivier, onder Johannes se leiding, en Vlam Taljaard (DWPO Olifantsrivier) die bedryf se uitdagings en geleenthede aan te pak.

Moet asseblief nie skroom om Raisins SA na u volgende boereverenigingvergadering te nooi nie—ons waardeer elke geleentheid om direk met produsente te skakel.

# *Fruit Fly Africa:* Beplande Dienste en Plaagbestuur vir die 2025/2026 seisoen



*Geskryf Deur:*
*Wessel Lemmer*

*Raisins SA wil graag alle produsente in kennis stel van die nuutste kommunikasie vanaf FruitFly Africa (FFA) oor die implementering van hul Gebiedsgebaseerde Geïntegreerde Plaagbestuursprogram (AW-IPM) vir die 2025/26-produksieseisoen*

STERIELE INSEK TEGNIEK
FRUITFLY AFRICA
STERILE INSECT TECHNIQUE

## Wat produsente moet weet

### 1. Lugbespuitings vir Vrugtevliegbeheer

FFA beplan om lugbespuiting op droëdruiwewingerde in die Benede-Oranjerivierstreek vanaf week 51 van 2025 tot week 8 van 2026, onderhewig aan weerstoestande, uit te voer.

**Week 51:** 15 – 19 Desember 2025
**Week 01:** 29 Desember – 2 Januarie 2026
**Week 03:** 12 – 16 Januarie 2026

Indien vrugtevliegdruk hoog bly, kan 'n vierde spat bygevoeg word. Hierdie bespuitings is noodsaaklik vir Suid-Afrika se nakoming van internasionale fitosanitêre vereistes en die beskerming van ons uitvoermarkte.



## 2. Produkte en Toedieningsprotokolle

Die program maak gebruik van GF-120 NF™, 'n selektiewe en internasionaal goedgekeurde vrugtevliegbeheerproduk.

*Belangrike eienskappe:*

- Omgewingsvriendelik
- Skadelikheid vir bye, parasitiese wespe en ander voordelige insekte is minimaal
- Toediening geskied uitsluitlik per lug oor kommersiële wingerde
- Bewoonde gebiede en wateropgaardamme word uitdruklik uitgesluit

## 3. Regulasies en Handelsimplikasies

Vrugtevlieë word internasionaal as kwarantynplae geklassifiseer. Doeltreffende streekbeheer is dus noodsaaklik om ernstige gewasverliese te voorkom én om Suid-Afrika se bestendige toegang tot wêreldmarkte te beskerm.

## 4. Wat word van produsente verwag?

*Produsente word versoek om:*

- Bure, werkers en ander belanghebbendes tydig in te lig oor die beplande lugbespuitings.
- Te verseker dat die plaas voldoende voorberei is vir die operasionele aktiwiteite.
- Volle samewerking te bied gedurende die bespuitings om die effektiwiteit van die streekprogram te maksimeer.

## Ons dank vir u samewerking

Raisins SA beklemtoon die kritieke belang van hierdie program en versoek alle produsente om die beplande maatreëls met die hoogste prioriteit te hanteer. Deur samewerking word nie net individuele oeste beskerm nie, maar ook die volhoubaarheid en mededingendheid van ons hele bedryf.

# Neem kennis



*Beste lede en belanghebbendes,*

Dankie vir julle terugvoer en betrokkenheid oor die kennisgewing rakende die BD-aansoek deur FFA. Ons waardeer dit opreg.

Ons het die afgelope seisoen ’n merkbare toename in die voorkoms van die BD-vrugtevlieg (’n kwarantynplaag) opgemerk – ’n ernstige saak wat vir die bedryf rede tot groot kommer is. Ek het FFA versoek om ’n aanvullende verduideliking saam te stel oor die aard en omvang van hierdie uitbrekings, asook die aksies wat die Departement van Landbou in hierdie verband onderneem het. Hierdie verduideliking sal gebaseer wees op FFA se amptelike verslagdoening.

Daar is tans geen beskikbare fondse om die BDvrugtevlieg effektief te beheer indien ’n uitbreek sou plaasvind nie. Die bestaande FFA-heffing vir die algemene vrugtevlieg dek ongelukkig nie die spesifieke beheer van die BD-vrugtevlieg nie.

’n Alternatief wat oorweeg word, is die instelling van ’n bykomende statutêre BD-heffing waardeur ’n afsonderlike fonds opgebou kan word om hierdie kwarantynplaag te bestuur. Indien daar genoegsame steun is, sal Raisins SA op versoek van lede self so ’n aansoek indien.

Die aangeleentheid sal verder bespreek word tydens ons komende DWPO-vergaderings, waar ons ook moontlike alternatiewe tot die huidige FFA-voorstel sal oorweeg.



*Wessel Lemmer*
Hoof Uitvoerende Beampte – Raisins SA

# Baked French toast with apples, cinnamon, and raisins

*By: Sam Linsell, Drizzle and Dip*



*This delicious make-ahead overnight baked French toast recipe with apples, cinnamon and raisins is the perfect weekend breakfast or brunch treat to serve a few people. Serve with a dusting of icing sugar, maple syrup, fresh berries and yoghurt.*

Recipe – serves 6

## *For the caramelized apples:*

- ½ cup raisins or sultanas (or a mix of both)
- 2 large apples (either Granny smith or Pink Lady apples), peeled and cut into small pieces
- 2 Tbsp salted butter
- 2 Tbs coconut sugar (or other dark brown sugar)
- ½ tsp cinnamon

## *For the baked French toast:*

- 1 loaf of raisin bread (around 500gms / 1lb)
- 4 large free-range eggs
- 1 tsp cinnamon
- 1 ½ tsp vanilla extract (or essence)
- 1 Tbs coconut sugar (or other dark brown sugar)
- 3 Tbsp Orange liqueur such as Grand Marnier or Cointreau
- 2 cups milk (any % will work)
- Zest ½ and orange

## *For the topping:*

- ½ cup walnuts or pecans, roughly chopped (use slivered almonds as an alternative too)
- 2 Tbsp melted salted butter
- ½ tsp cinnamon
- 1 Tbsp coconut sugar (or other dark brown sugar) – Optional

## *Instructions:*

To caramelize the apples, pour boiling water over the raisin and allow to soak for 5 – 10 minutes. Melt the butter in a non-stick pan until bubbling. Add the apples and sauté for around 2 – 3 minutes. Add the sugar and cinnamon and cook for a further 3 minutes until starting to soften.

Drain the raisins and add them to the apple mixture tossing to coat.

To make the French toast bake, cut the bread into thick slices around 2 cm (1/2 an inch) thick. Cut the slices in half through the middle and then cut the bottom halves into roughly 6 even blocks.

Butter a 20-22cm x 30 – 33cm (9 x 13 inch) rectangular baking dish (or another shape) and spread the bread cubes over the bottom, ensuring that there are no holes and the bread covers the base.

Evenly sprinkle the caramelized apples and cinnamon over the base.

In a large jug or bowl, add the eggs, cinnamon, vanilla, sugar, orange liqueur, milk and orange zest and whisk until well combined.

Di the bread top halves in the egg mixture and allow to soak for a few seconds. Layer them over the top of the apples to form a top layer. Pour over the egg mixture.

Cover with tin foil and refrigerate overnight or allow to soak for an hour.

When you are ready to bake, remove the soaked French toast and preheat the oven to 180C/350F. Bake in the oven for 40 minutes covered.

To make the topping, mix the topping ingredients together in a bowl. Remove the French toast from the oven, take off the foil and sprinkle the topping over the bake. Return to the oven uncovered and bake for a further 15 – 20 minutes until golden brown.

Serve this warm out of the oven with a dusting of icing (powdered) sugar, maple syrup, fresh berries and a dollop of full-fat Greek yoghurt (or cream).



# Kalender

**Tentatiewe datums wat steeds kan verander*

## Januarie 2026

Raisins South Africa

| Monday | Tuesday | Wednesday | Thursday | Friday | Saturday | Sunday |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 | **30** | 31 | **1** **NUWEJAARSDAG** | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 **Raisins SA Kantore open** | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 SKOOL BEGIN KWARTAAL 1 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 1 |
| 2 | 3 | Notes | | | | |

## VAKANSIEDAE

1 Januarie
**Nuwejaarsdag**



# Bedryfstrukture



# Gariep Watch

*Geskryf deur Fritz Bekker*

Gariep Watch
P.O. Box 2536, Upington, 8801

***Watergebruikers in die benede Oranjerivier is uitgelewer aan alle stroom-op stortings van afvalwater deur ongelukke, onbekwaamheid en wanbestuur. Navorsing deur Gariep Watch wys dat die Suid-Afrikaanse regering by wyse van die plaaslike owerhede nou die grootste besoedelaar in Suid-Afrika en in die Oranjerivier opvanggebied is.***

Landbou, huishoudelike watergebruikers, akwatiese biota en mense wat die rivier vir ontspanning gebruik is nou blootgestel aan gevaarlike konsentrasies patogene bakterieë, virusse, fungi en parasiete. Die sout, nutriënt en swaarmetaalvlakke voldoen dikwels ook nie aan internasionale standaarde vir wat veilig is vir hierdie watergebruikers nie.

Die regulatoriese owerhede wat veronderstel is om voldoening aan watergehaltevereistes te verseker het nou totaal beheer verloor oor die disfunksionele munisipaliteite.

Direktiewe, vervolgings en ander maatreëls om te verseker dat riool behoorlik gesuiwer word val op dowe ore met besoedelaars wat onaantasbaar is. Hierdie munisipale kaders wat uit politiese oorwegings beskerm word, gee nie om nie en is te onkundig om eenvoudige dienste aan hul gemeenskappte te lewer.

Hierdie situasie word aansienlik vererger deur die groeiende watertekort in Gauteng. Alhoewel byna 50% van Gauteng se drinkwater tans vermors word, is die owerhede onder groot druk om nog meer vars Oranjerivierwater daarheen te herlei.

Hierdie druk hou verband met die vinnig-groeiende getal Gautengse huishoudings wat gratis water ontvang en ook met die 53 miljard Rand wat gespandeer gaan word aan Fase 2 van die Lesotho Hoogland Waterprojek (LHWP). Fase 1 van die LHWP is gekenmerk deur grootskaalse diefstal, korrupsie en tenderbedrog en daar is geen versekering dat Fase 2 nie ʻn herhaling daarvan sal wees nie. Die benede Oranjerivier word nou hiervoor opgeoffer. Die Departement van Water en Sanitasie (DWS) se hidrologiese model wys dat, met die ingebruiksneming van Fase 2 van die LHWP, daar nie genoeg water vir landbou en die oorlewing van akwatiese ekosisteme in die benede Oranjerivier gaan wees nie.

Die DWS probeer dus om die benede Oranjerivier af te gradeer na ʻn Klas 3 rivier om ruimte te skep vir swakker watergehalte en minder vloei. Gariep Watch is as rolspeler deel van hierdie DWS projek se bestuurskomitee en maak namens die watergebruikers kapsie daarteen en lewer kommentaar op elke stap.

## NUUSFLITS OKTOBER

Onlangse navorsing wat deur Gariep Watch en die Universiteit van Stellenbosch gedoen is dui daarop dat die nadelige effekte op die benede Oranjerivier vermy kan word of aansienlik versag kan word. Die basiese beginsels van goeie opvanggebiedbestuur moet net toegepas word.

***Hierdie aspekte word in Gariep Watch se kommentare aan die DWS vervat en sluit onder andere die volgende in:***

Verdere skoon verdunningswater in die boOranjerivier mag nie verwyder word voordat die rioolprobleem by munisipaliteite langs die rivier aangespreek word nie. Dit sluit in ongesuiwerde rioolwater wat afkomstig is vanaf die suidelike munisipaliteite van Gauteng.


Waterlisensies van besoedelaars, veral in die hoogs geindustrialiseerde bo-Vaalrivier, moet hersien word. Gewettigde en onwettige vrylatings tydens hoogvloeitoestande moet dus gestaak word.


Suurmynwater afkomstig van die ou goudmyne in die Witwatersrand moet gesuiwer en hergebruik word. Hierdie water is verantwoordelik vir die hoë soutkonsentrasies in die benede Oranjerivier en word tans net geneutraliseer voordat dit in die Vaalrivier gestort word.

Die Bloemhofdam moet beter bestuur of verhoog word om vloedbeheer toe te pas, watergehalte te beheer en skoon Vaalrivierwater te stoor om tekorte in die benede Oranjerivier aan te vul.

Ondestaande grafieke wat die persentasie risiko van nie-voldoening aan internasionale watergehaltestandaarde aandui, wys duidelik dat die watergehalte by Bloemhofdam grootendeels voldoen aan vereistes vir landbougebruik.  Hierdie water vloei weg tydens vloede en kan beter gebruik word.

*Figuur 1: Persentasie watergehaltelesings sedert 2018 wat nie voldoen aan internasionale watergehaltestandaarde nie by Bloemhofdam (A) en Douglas stuwal (B)*



Raisins South Africa

# Databasis

Vir 'n bedryf om optimaal te funksioneer, is dit van kardinale belang dat alle lede so goed ingelig moontlik is.

Verskeie platvorms word gebruik om inligting te versprei, met die twee vernaamste metodes e-pos en WhatsApp groepe.

Indien u slegs e-posse ontvang en ook op 'n WhatsApp groep wil wees, of omgekeerd, kontak asseblief vir

*Chantelle epos* *082 596 8179*

**NOTA**

Indien u kontakbesonderhede verander, of indien u miskien weet van 'n rosyneprodusent wie nie inligting ontvang nie, sal dit hoog op prys gestel indien u die inligting aan Raisins SA kan deurgee.

# Kontak ons

Groenpuntweg 9, Kantoor 1, Keidebees • 054 495 0283 • www.raisinsa.co.za


*Wessel Lemmer*

Chief Executive Officer

**wessel@raisinsa.co.za**

**+27 71 354 2948**

*Minessa la Grange*

Financial Management and Governance

**minessal@raisinsa.co.za**

**+27 82 827 7436**

*Natascha Hamman*

Finance, Operations and Administration

**nataschah@raisinsa.co.za**

**+27 83 701 1226**

*Pieter Smith*

Project Manager:
Transformation and Innovation

**pieters@raisinsa.co.za**

**+27 83 236 2271**

*Chantelle Kotze*

Brand, Media, and
Stakeholder Engagement

**chantellek@raisinsa.co.za**

**+27 82 596 8179**